Kix-pirasie

Gevleuelde woorde

Gee aan elkeen ‘n potlood. Voorsien skêre, vere en kleeflint. Versier nou die potlode na hartelus.

<u>Gesels oor vere:</u>

Dink aan woorde wat vere beskryf.

<u>Gesels oor woorde:</u>

Die mens is anders as die res van die skepping deurdat ons woorde gebruik. Ons leef, leer, dink, glo, is kreatief, werk en kommunikeer d.m.v. woorde.

Watter van die woorde wat vere beskryf, kan ook ons woorde beskryf?

<u>Gesels oor God:</u>

God het geskep deur woorde: “En God het gesê: “Laat daar lig wees. En daar was lig”. Genesis 1

Dink aan nog verwysings in die Bybel oor God en woord. (bv. Joh 15:3; Joh 1:1-3)

Hou die potlode vanjaar byderhand en onthou die waarde wat jou woorde het.

Psalm 19:15 stel dit baie mooi:

“Laat wat ek dink en sê vir U aanneemlik wees, Here my God.”